SA JAGTERS TAFELBERG DESEMBER 2017 NUUSBRIEF

FEESGETY GROETE

Ons het 'n besige jaar agter die rug en die eerste week of twee in Desember is 'n wedren om werk klaar te kry voor die feesgety in alle erns begin. Ons wens al ons lede en hul gesinne 'n Geseënde Kersfees en Voorspoedige Nuwejaar toe. Wees veilig en ons sien daarna uit om julle vroeg in 2018 weer te sien.

We've had a busy year behind us and the next two weeks in December is a rush to get everything done before the festive season really kicks in. We wish all our members and their families a Blessed Christmas and Happy New Year. Be safe and we look forward to seeing you early in 2018.

JUNIOR UITDAAGSKIET– 13 Desember Kraaifontein Sport Skietklub

Ons bied 'n junior byeenkoms, seuns en meisies, 11:30 vir 12:00, 13 Desember by Kraaifontein Sportskietklub aan wat deur enige junior bygewoon mag word. Daar gaan 'n wapenveiligheidkursus aangebied word en ons gaan skiet met windbukse, .22s, haelgewere, handwapens en jaggewere. Inskrywing is R100 per persoon en sluit baanfooi, worsrol en koeldrank in. 'n Bywonings sertifikaat word uitgereik en braaipakke is vir ouers beskikbaar wat na die tyd wil braai. RSVP asb teen 11 Desember aan Isabel Terblanche by Isabel@boltrisk.co.za

JUNIOR CHALLENGE – 13 December Kraaifontein Sport Shooting Club

Juniors, girls and boys, are invited to a fun shooting challenge at Kraaifontein Sport Shooting Club on Wednesday 13 December, 11:30 for 12:00. Entries R100 and includes range fee, boerie roll, cold drink, attendance certificate and lots of fun at the start of the school holidays. Please RSVP to Isabel Terblanche before 11 December. Braaipacks for parents who want to join.

GALLERY SPORTING RIFLE

Inskrywings vir 2018 se Gallery Sporting Rifle kompetisie het gesluit en die Wes Kaap-streek het 27 skuts ingeskryf, waarvan 13 skuts lede van Tafelbergtak is. GSR skiete sal by geleentheid saam met tabelskiete aangebied word en lede sal vooraf in kennis gestel word.

Out of the 27 Western Cape entries for the 2018 Gallery Sporting Rifle competition, 13 are members of our branch. GSR shoots will be presented with some of the regular Atlantis shoots, and members will be notified in advance.

2018 KALENDER

Ons heg die Tafelbergtak Aktiwiteitkalender hierby aan vir maklike verwysing sodat u vooruit kan beplan om deel te neem. Daar is oorgenoeg tyd en aktiwiteite (3) deur die jaar om toegewyde status te behou.

We attach the activity programme for 2018 and invite you to plan ahead to ensure you log enough activities (3) to qualify for dedicated status.